Wat dink u van Christus?

Uittreksel van Pastoor Neser se preek: B224

Skrifgedeelte uit Matt. 22: 41-46

Kernvers: 42 – 'en s: Wat dink julle van die Christus? Wie se Seun is Hy? Hulle antwoord Dawid syne.'

Graag wil ek dan ook aan u hierdie vraag rig: Wat dink u van Christus? U hele toekoms vir tyd en ewigheid sal afhang van u antwoord op hierdie vraag.

Ons word groot in 'n Christelike land, ons word met die Bybel groot, en met die Naam van Jesus. Ons sê: maar ek ken Hom mos, ek weet wie Hy is. Maar weet u werklik wie Jesus is?

Kom ons vra onsself opnuut hierdie vraag: wat dink ek van Hom? Geliefdes, hierdie wonderlike Here Jesus, het toe Hy in die wêreld gekom het was Hy die middelpunt van stryd. Die een groep mense het Hom aanbid, hulle was vir Hom lief! Die ander groep het Hom gehaat! Die een groep het Hom gevolg en gedien terwyl die ander groep Sy lewe gesoek het om Hom dood te maak!

En so het die Here Jesus verdeeldheid gebring tot vandag toe en dis daarom dat Hy dan ook self gesê het: Diegene wat nie vir Hom is nie, is teen Hom. Hy het ook gesê: Ek het gekom om verdeeldheid te bring tussen ouers en kinders, tussen broers en familielede en vriende.

U moet vir uself hierdie ding uitmaak: wat dink ek van Christus? Vir die afgelope meer as 2000 jr. het sommige Hom aangeneem en andere het Hom verwerp.

Geliefdes, as ons so kyk deur die eeue dan sien ons dat mense hulle helde en leiers gehad het wat hul aangehang en gevolg het en bewonder het, maar hulle het almal gekom en gegaan.

Jesus het egter gebly en sal ook bly tot in ewigheid! Prys Sy wonderlike Naam! Is Hy 'n lewende werklikheid in ons lewens? Wat was die doel van Sy koms na die aarde toe?